

15 Augustus

Skrifgedeelte: Matteus 14:13-21

Fokusgedeelte: Matteus 14:19

Die wonder van vyf brode en twee vissies ...

Nadat Jesus die slegte tyding van Johannes die Doper se dood ontvang, het Hy behoefte om eenkant en alleen te wees. Hy wou heel moontlik net 'n oomblik alleen met sy hemelse Vader deurbring. Die mense maak dit egter vir Hom moeilik. Hulle volg Hom en wanneer Jesus die menigte sien, is Hy met medelye gevul. Sy medelye is van so 'n aard dat Hy onmiddellik begin om die siekes onder hulle te genees.

Die dag het verloop en dit het donker geword. Jesus se dissipels is skielik bekommerd oor wat al die mense gaan eet. Hulle was almal op 'n afgeleë plek bymekaar – die naaste dorp was 'n hele ent van hulle af weg. Jesus se dissipels versoek Hom om die mense huis toe te stuur, sodat hulle kan eet.

Die Here Jesus doen dit nie, maar Hy gee sy dissipels opdrag om self die mense te voed. Verbaas antwoord hulle Hom dat hulle net vyf brode en twee vissies het, met die gedagte dat dit heeltemal te min sou wees. Die dissipels, wat nou al 'n geruime tyd saam met Jesus deurgebring het, en die hele dag sy wondergenesings aanskou het, moes tog besef het om hierdie menigte te voed, geen probleem sou wees nie. Hulle kleingeloof en onvermoë is duidelik.

Hy, die Gewer van alle goeie gawes, gryp in en beredder die situasie. Hy bring die menigte tot orde en rustigheid, vra die seën op die maaltyd en laat sy dissipels die kos uitdeel. Was die vyf brode en twee vissies genoeg? Baie beslis – daar bly selfs nog oor, nadat almal versadig is. By en in Christus sal daar nooit gebrek gely word nie, want Hy voed in volheid. Wanneer die Here sy hande seënend op die gebrek van mense lê, omskep Hy vyf brode en twee vissies in 'n feesmaal.

Hierdie wonderwerk van Christus handel nie oor die skare se hongerpyne nie, dit is 'n heilige wonder wat na die groot Wonder heenwys: die Woord wat vlees geword het en wat sal voed tot in ewigheid. Op hierdie wyse voed Hy ons as geloofsgemeenskap, as kerk van die Here vandag nog so met die brood van die ewige lewe. Hy gebruik ook vir jou en my, sy dissipels, om die brood van die lewe aan die menigtes in die wêreld te bedien.

Gaan ons soos die dissipels in kleingeloof reageer en sê die taak is te groot of die kos te min, OF vertrou ons ten volle die Koning van die kerk? Mag ons deur die leiding van die Heilige Gees met geloofskrag en geloofsvertroue in Christus die lewende brood aan 'n honger wêreld uitdeel!

Sing: Psalm 147:1, 5

Ds. W (Wilhan) Jobse (Jeffreysbaai)